Monita leer klein handjies praat

Monita Will is ‘n doodgewone ma, met ‘n buitengewone verhaal. As ‘n ma van ‘n kind met spesiale behoeftes, het sy nie net baie uitdagings en probleme oorkom nie, maar ook haar hand uitgesteek na ander ouers met dieselfde behoeftes. Get It se **Mariné Jacobs** het meer oor hierdie besonderse Bloemfonteiner uitgevind.

Toe Monita tien weke swanger was, het sy Duitse masels opgedoen. Die dokters het haar aangeraai om eerder die swangerskap te beëindig as gevolg van verskeie mediese risiko’s, soos doof- en blindheid en onderontwikkeling van die brein en hart wat hulle in die gesig gestaar het. Monita het egter haar vertroue in God geplaas en Ethan is op 37 weke gebore – doof en serebraal gestremd. Van sy geboorte af was daar vele uitdagings wat sy saam met Ethan moes oorkom – ‘n onsuksesvolle gehoorapparaat op drie maande, gereelde sessies by die fisioterapeut, ‘n maand op ‘n ventilator en uiteindelik ‘n kogleêre inplanting toe hy 2 jaar en 6 maande oud was.

Ethan het twee jaar lank aan die Carel du Toit-skool vir Gehoorgestremdes in Kaapstad skoolgegaan, en later aan die De la Bat-skool vir Dowes op Worcester. Monita het begin om gebare te gebruik om met Ethan te kommunikeer. Sy het aanvanklik klasse bygewoon en het later by die Nasionale Instituut vir Dowes begin werk, waar sy meer kon leer. Sy was verstom om te sien hoe doeltreffend hierdie manier van kommunikasie was. Ethan het só goed ontwikkel dat Monita hom graag in ‘n horende skoolomgewing wou plaas waar die skool steeds sy fisiese gestremdheid kon akkommodeer. Nadat sy van die Martie du Plessis-skool vir kinders met spesiale behoeftes gehoor het, het sy na Bloemfontein verhuis. Híer het sy begin navorsing doen oor gebaretaal vir babas en kinders met spesiale behoeftes. En net daar is Tiny Handz gebore.

Vandag is Tiny Handz in sy derde bestaansjaar en speel dit ‘n baie groot rol in talle ouers en kinders se lewens, sowel as by verskeie skole, sentrums, mediese instansies en ondersteuningsgroepe regoor die land. “Ons reis regoor Suid-Afrika na skole en spesiale sentrums en bied sessies met terapeute en ander professionele persone aan,” vertel Monita. “Dít het ook gelei na die samestelling van ‘n opleidingsprogram vir gebruik in hospitale, rehabilitasiesentrums en selfs aftree-oorde, waar kommunikasie mag ontbreek weens mediese toestande.” Volgens Monita kan verskeie mediese toestande ‘n verlies of gebrek aan taal by kinders en volwassenes veroorsaak, byvoorbeeld Downs sindroom, outisme, serebrale gestremdheid, endiesmeer.

Monita vertel dat gebaretaal nie net help om kommunikasie te bevorder nie, maar ander voordele ook inhou. “Kinders, wat met spraak en taal sukkel, toon dikwels negatiewe sosiale gedrag soos aggressie, angstigheid en woedeuitbarstings omdat hulle nie hul basiese behoeftes kan kommunikeer nie. Gebare kan hierdie frustrasie aansienlik verlig.” Aangesien hand-oog koördinasie vinniger ontwikkel as artikulasie, kan eenvoudige gebare al van die ouderdom van ses maande aangeleer word. Gebare word gebruik as ‘n aanvulling tot normale spraak en taal, selfs vir dowes wat ook kan liplees. “Baie mammas gebaar klaar met hul babas en besef dit nie eers nie!” sê Monita. Klasse by Tiny Handz word in basiese gebare opgedeel wat in sekere kategorieë gebruik word, byvoorbeeld diere, kleure, emosies en familie. Dit word in beide Afrikaans en Engels aangebied.

> “Die voordele van babas wat gebaretaal gebruik, sluit in stimulasie van taal- en luistervaardighede, ‘n hoër IK, vermindering van frustrasie en vroeë uitbreiding van woordeskat.”

Ouers verkeer dikwels onder die wanindruk dat die aanleer van gebare ‘n kind se normale taalontwikkeling sal stuit. Inteendeel, dit moedig juis vroeë kommunikasie aan. Monita verduidelik dat visuele kommunikasie dieselfde gedeelte van die brein stimuleer wat dien as brug tot verbale taal. “Neurologies krap jy dus op die regte plek,” sê Monita. “Daarom sal babas, wat aan gebaretaal blootgestel word en dit gebruik, baie vinniger verbale taal ontwikkel. Babas leer enige taal waaraan hulle blootgestel word, sonder dat dit die normale proses van taalontwikkeling belemmer.” Daarby is kinders nie net ouditiewe leerders nie, maar leer hulle ook deur die visuele en kinetika. In die gebruik van gebaretaal word alle leerstyle betrek.

Die gebruik van gebaretaal is deur die jare gesien as ‘n taal wat uitsluitlik deur dowes en persone met ‘n gehoorgestremdheid gebruik word. Tiny Handz het reeds hierdie persepsie verander, maar het nog baie planne vir die toekoms. “My droom is dat Tiny Handz erken sal word as ‘n opleidingsprogram wat enig in sy soort in Suid-Afrika is, een waarby elke horende persoon daarbuite ook kan baat,” sê Monita. “Ook dat ons ‘n diensverskaffer vir beide die Onderwys- en Gesondheidsdepartement kan wees.”

Monita is nie net ‘n ma wat berge vir haar kind sal versit nie, maar ook ‘n bittereinder wat ‘n negatiewe in ‘n positiewe omskep het. Soos sy self sê, “As dit nie vir Ethan was nie, sou daar nie ‘n Tiny Handz gewees het nie!”

Monita en haar seun, Ethan, saam met André Bester wat gebaretaal opleiding gee aan diepseeduikers en die mediese spektrum.

Volgens Monita kan die volgende tekens van gehoorgestremdheid by babas wees:

1. Afskeiding by die oor of swelling rondom die oor, wat gepaardgaan met oorpyne en -infeksies.
2. Sinne wat gedurig herhaal moet word voordat reaksie verkry word.
3. ‘n Baba wat nie reageer op normale omgewingsgeraas nie (byvoorbeeld ‘n pot wat in die kombuis val).
4. ‘n Baba se ‘gebabbel’ sal rondom 6-8 maande stop en deur ‘n geskreeu vervang word.
5. ‘n Baba se taalvaardigheid wat nie ontwikkel soos dit behoort te doen nie.

KONTAKBESONDERHEDE:
Kontak Tiny Handz by contact@tinyhandz.co.za of besoek hul webtuiste by www.tinyhandz.co.za

Photo: i-Flair Photography